2020/06/28

# HANDELINGE 18

Bybelstudie

# HANDELINGE 18 OPSOMMING

- **Paulus in Korinte**
- **Paulus gaan terug na Antiogië in provinsie Sirië**
- **Paulus se derde sendingreis: Na Galasië en ander plekke**

754

Bybelstudie

Handelinge
Bybelstudie

Handelinge en Sendbriewe kruisverwysings ten opsigte van Paulus se bediening

# PAUL'S LETTERS AND MISSIONARY JOURNEYS

| YEAR A.D. | MAJOR EVENTS | ACTS | PERIOD | LETTERS |
|---|---|---|---|---|
| 34 | Conversion, Damascus, Arabia | 9 | 3 years - Arabia | Briewe |
| 37 | Jerusalem, Tarsus, Syria, Cilicia | | | |
| 46-47 | Antioch, Jerusalem | 11 | 1 year - Antioch | |
| 48-49 | First Missionary Journey and Antioch | 13-14 | | Galatians |
| 50 | Jerusalem Council and Antioch | 15 | | |
| 51-53 | Second Missionary Journey | 16-18 | 18 months - Corinth | 1 Thessalonians<br>2 Thessalonians |
| 53-54 | Antioch | | | |
| 54-57 | Third Missionary Journey | 19-21 | 3 years - Ephesus | 1 Corinthians<br>2 Corinthians<br>Romans |
| 57 | Jerusalem Arrest | 22-23 | | |
| 57-59 | Caesarea Prisoner | 24-26 | 2 years | |
| 59-60 | Journey to Rome | 27-28 | | |
| Jaar | Gebeurtenis | Hoofstuk | Tydperk | |
| 60-67 circa | Rome House Arrest | 28 | 5-7 years circa | Ephesians<br>Colossians<br>Philemon<br>Philippians<br>1 Timothy<br>Titus<br>2 Timothy |

ConformingToJesus.com

Handelinge
Bybelstudie

Handelinge As
Boek

# BOOK OF ACTS

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Author | Luke, the Doctor | | | | | | | | | |
| Time | 2 yrs - 33-35 AD ca. | | 14 yrs - 35-48 AD ca. | | 17 or 19 yrs - 48-65 or 67 AD ca. (Jaar) | | | | | |
| | FOUNDATION OF THE CHURCH | | | | FOUNDER OF CHURCHES | | | | | |
| Sections (Gebeurtenis) | Spirit of the Church | Growth of the Church | Persecution of the Church | Expansion of the Church | First Journey of Paul | Second Journey of Paul | Third Journey of Paul | Arrest of Paul | Trials of Paul | Imprisonment of Paul |
| Chapters | 1 4 | 5 7 | 8 9 | 10 12 | 13 15 | 16 18 | 19 20 | 21 23 | 24 26 | 27 28 |
| Topics | Peter | | Peter & Philip | | Paul | | | | | |
| | To the Jews | | To the Gentiles in/around Israel | | To the Gentiles outside Israel | | | | | |
| Place | Jerusalem | | Judea & Samaria | | Uttermost Parts of the Roman Empire | | | | | |

Hoofstuk

ConformingToJesus.com

Handelinge Bybelstudie




Kaart van 2de Sendingreis van Paulus

# Handelinge 18
# Paulus in Korinte




- 1. Nadat Paulus in die vergadering van die Areopagus gepraat het, het hy weggegaan uit die stad Atene en hy het in die stad Korinte gekom.
- 2. Paulus het daar 'n Jood ontmoet, sy naam was Akwila en sy familie het van die provinsie Pontus gekom. Hy en sy vrou Priscilla het kort voor daardie tyd van Italië daarnatoe gekom omdat keiser Claudius gesê het dat al die Jode moet weggaan uit die stad Rome. Paulus het na hulle toe gegaan.
- 3. Hulle het dieselfde soort werk gedoen soos Paulus, en daarom het hy by hulle gebly en hy het daar gewerk, want hulle werk was ook om tente te maak.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/18

# Handelinge 18
# Paulus in Korinte




- 4. En Paulus het elke Sabbatdag in die sinagoge met die mense gepraat. Paulus het aangehou om te praat en hy het probeer om die Jode en die Grieke ook te laat glo wat hy glo.
- 5. Nadat Paulus en Silas van die provinsie Masedonië gekom het, het Paulus opgehou om tente te maak, hy het elke dag net die boodskap van Jesus vir die mense gebring. Hy het vir die Jode gesê dat dit waar is dat Jesus die Christus is.
- 6. Maar die Jode was téén Paulus en hulle het slegte dinge van hom gesê. Toe het hy die stof van sy klere afgeskud en vir hulle gesê: "Julle sal verlore gaan, maar dit is nie my skuld nie, júlle is skuldig. Van nou af sal ek na die heidene toe gaan."

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/18

# Handelinge 18
# Paulus in Korinte




- 7. Toe het Paulus uit die sinagoge gegaan en hy het gekom in die huis van iemand wat vir God gerespekteer het. Sy naam was Titius Justus en sy huis was langs die sinagoge.
- 8. Krispus, die leier van die sinagoge, en al die mense in sy huis, het toe in die Here begin glo. Baie mense van die stad Korinte het ook in die Here begin glo nadat hulle van Hom gehoor het, en hulle is gedoop.
- 9. In die nag het die Here vir Paulus iets gewys, dit was soos in 'n droom. Die Here het toe vir hom gesê: "Jy moenie bang wees nie. Nee, jy moet aanhou om vir die mense te vertel van My en jy moenie stilbly nie,

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/18

# Handelinge 18
# Paulus in Korinte




- 10. want Ek is by jou. Niemand sal jou aanval nie en niemand sal slegte dinge doen aan jou nie, want in hierdie stad is daar baie mense wat aan My behoort."
- 11. Paulus het toe 'n jaar en ses maande lank by die mense van Korinte gebly en hy het vir hulle geleer wat God se boodskap is.
- 12. Toe Gallio goewerneur van die provinsie Agaje was, het die Jode almal saam besluit om Paulus aan te val en hom na die hof te vat.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/18

# Handelinge 18
# Paulus in Korinte




- 13. Die Jode het gesê: "Hierdie man, Paulus, probeer hard om vir die mense te leer dat hulle vir God moet dien op 'n manier wat teen die Wette van Moses is."
- 14. Toe Paulus wou begin praat, het Gallio vir die Jode gesê: "Jode, ek praat met julle. Ek sou geduldig gewees het met julle as hierdie man 'n verkeerde of 'n baie slegte ding gedoen het.
- 15. Maar julle stry met mekaar oor woorde en name en oor julle eie wette, daarom moet julle self daaroor besluit. Ék wil nie 'n regter wees om oor hierdie dinge te besluit nie."

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/18

# Handelinge 18
# Paulus in Korinte




- 16. Gallio het hulle toe uit die hof gejaag.
- 17. Hulle almal het vir Sostenes, die leier van die sinagoge, gegryp en hulle het hom daar voor die hof begin slaan. Maar Gallio was nie bekommerd oor hierdie dinge nie.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/18

# Handelinge 18
## Paulus gaan terug na Antiogië in die provinsie Sirië




- 18. Paulus het 'n lang tyd daar by die gelowiges in Korinte gebly. Toe het hy hulle gegroet en hy het met 'n skip weggeseil na die provinsie Sirië. Hy het eers in die hawestad Kenchreë sy hare laat afskeer. **Hy het dit gedoen omdat hy 'n gelofte gemaak het**. Priscilla en Akwila het ook saam met hom weggegaan.
- 19. Toe het hulle in Efese gekom, dit is die stad waar Paulus vir Akwila en Priscilla laat bly het toe hy later daar weggegaan het. Paulus het eers na die sinagoge gegaan en hy het daar met die Jode gepraat.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/18

# Handelinge 18
# Paulus gaan terug na Antiogië in die provinsie Sirië




- 20. Toe die Jode hom vra om langer daar te bly, wou hy dit nie doen nie.
- 21. Hy het hulle gegroet en gesê: "As God wil hê dit moet gebeur, dan sal ek weer na julle toe kom." Toe het hy met 'n skip weggeseil van Efese.
- 22. Nadat Paulus in die hawestad Sesarea aangekom het, het hy na Jerusalem gegaan en hy het die gemeente daar gegroet. Toe het hy na die stad Antiogië gegaan

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/18

# Handelinge 18
## Paulus gaan terug na Antiogië in die provinsie Sirië




- 23. en hy het 'n tyd lank daar gebly. Toe het Paulus weggegaan van die stad Antiogië en hy het van die een plek na die ander plek deur die lande Galasië en Frigië gegaan. Hy het al die gelowiges bemoedig.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/18

Handelinge Bybelstudie

Kaart van 3de Sendingreis van Paulus



# Handelinge 18
# Paulus se derde reis: Hy gaan na Galasië en ander plekke




- 24. 'n Jood, Apollos, het in die stad Efese aangekom. Hy is gebore in die stad Aleksandrië en hy was iemand wat baie goed kon praat. Hy het die Ou Testament baie goed geken.
- 25. Apollos het by mense baie geleer hoe die Here wil hê 'n mens moet lewe. Hy was baie opgewonde en hy het aanmekaar daaroor gepraat. Hy het vir die mense die dinge oor Jesus reg geleer, maar hy het net geweet dat Johannes die Doper mense gedoop het. Hy het nie geweet dat die apostels ook mense gedoop het in die Naam van Jesus nie.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/18

# Handelinge 18
## Paulus se derde reis: Hy gaan na Galasië en ander plekke




- 26. Apollos het in die sinagoge begin preek, hy was nie bang om dit te doen nie. Toe Priscilla en Akwila hoor wat hy sê, het hulle hom saam met hulle huis toe geneem en hulle het vir hom meer vertel van die dinge van God.
- 27. Toe Apollos na die land Agaje wou gaan, het die gelowiges in Efese hom bemoedig. Hulle het ook 'n brief geskryf vir die gelowiges in Agaje om te vra dat hulle vir Apollos moet sê hy is welkom. In Agaje was daar mense wat gelowiges geword het omdat God genadig was vir hulle. Nadat Apollos daar aangekom het, het hy vir hulle baie gehelp.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/18

# Handelinge 18
# Paulus se derde reis: Hy gaan na Galasië en ander plekke




- 28. Want hy het baie hard met die Jode gestry, al die mense kon dit sien. Hy het gewys dat hulle verkeerd is en hy het uit die Ou Testament vir hulle gelees en gewys dat Jesus die Christus is vir wie almal gewag het.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/18

# Handelinge 18
# Paulus se derde reis: Hy gaan na Galasië en ander plekke




- 28. Want hy het baie hard met die Jode gestry, al die mense kon dit sien. Hy het gewys dat hulle verkeerd is en hy het uit die Ou Testament vir hulle gelees en gewys dat Jesus die Christus is vir wie almal gewag het.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/18

# Source Recognition | Erkenning van Bron

- https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.18.ABA
- Please support the Bible Society of SA and be a sower of hope
- Please support https://www.youversion.com/the-bible-app/
- Verskaf met die komplimente van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. © Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
- Ondersteun asseblief die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en word 'n saaier van hoop.
- AGS Helderberg ondersteun die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en moedig mense aan om bydraes te lewer.

# HANDELINGE 18 OPSOMMING

- **Paulus in Korinte**
- **Paulus gaan terug na Antiogië in provinsie Sirië**
- **Paulus se derde sendingreis: Na Galasië en ander plekke**

773

Bybelstudie

Handelinge Bybelstudie

Kaart van Sendingreise van Paulus se bediening

